M E D I A V R Y S T E L L I N G

Datum: Woensdag, 1 April 2009

Embargo: Geen – vir onmiddellike gebruik

Begin

Waardeskuif nodig om hoëprestasie-onderneming in SA te skep, hoor USB

Die skep van ’n hoëprestasie-onderneming verg ’n skuif in waardes van ’n ou ekonomie met negatiewe leierskappatrone na positiewe leierskap en hoëprestasie-kulture, sê Christo Nel, direkteur van The Village of Leadership Consultancy en buitengewone senior lektor by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB).

Hy het ’n groot gehoor van sakelui, MBA-studente en akademici op Vrydag (27 Maart 2009) oor *Hoe om ’n hoëprestasie-onderneming tot stand te bring: Die grondslag vir volhoubare mededingendheid* by die USB se *Leader’s Angle*-aanbieding toegespreek.

Nel sê verskeie navorsingstudies tussen 1985 en 2008 by die USB en ander organisasies toon “geen waarneembare vordering” in die vermoë van Suid-Afrikaanse organisasies om beduidende verandering te implementeer wat tot hoë prestasie sal lei nie. Hy sê egter daar is ’n paar maatskappye wat daarin kon slaag om hulself in hoëprestasie-ondernemings te omskep en wat uiters suksesvol is teenoor ander maatskappye in dieselfde mark.

“Daar is geen heilige graal vir hoëprestasie-ondernemings nie, maar ek het in ons navorsing belangrike patrone gesien wat hierdie prestasie dryf.

“’n Oorweldigende aantal mense spreek die behoefte uit om van die ‘ou na die nuwe ekonomie’ se kulture te transformeer en ’n hoëprestasie-onderneming te skep wat vir menslike lewe geskik is. Maar plaaslike en internasionale navorsing toon dat hierdie transformasie die uitsondering op die reël bly. Waarom is hierdie vooruitgang so stadig ten spyte van die groot behoefte en die bewyse van die voortreflikheid van hoëprestasie-ondernemingskulture?” vra Nel.

Hy sê daar is talle waardevolle leidrade oor hoe om “traagheid te oorkom en die dryfwiel van die hoëprestasie-onderneming aan te help” sodat mense kan verstaan waarom die vordering so stadig is.

Nel sê een van die faktore waarom vordering met hoëprestasie-ondernemings in Suid-Afrika so stadig is, is die feit dat alle belangegroepe in organisasies nog nie die kultuur van vóór 1994 oorkom het nie. “Een ding verenig ons … ons verstaan nie demokrasie nie!”

Nóg ’n faktor is diepgaande “Afro-pessimisme” en leierskaptraagheid by swart sowel as wit bestuurders. “Altesaam 62% van alle bestuursaanstellings verlede jaar was wit, wat totaal skeef is,” sê Nel om te bewys dat hierdie pessimisme dikwels ongegrond is.

“Indien swart ekonomiese bemagtiging nie slaag nie kan ons nie na die volgende stadium van ons demokrasie beweeg nie. Swart ekonomiese bemagtiging moet tot groter mededingendheid lei, maar daar is tans te veel klem op aandeelhouding.”

Nel sê dat die vestiging van ’n hoëprestasie-ondernemingskultuur deur ’n verskuiwing in waardes gedryf word. Dit vereis dat jy ’n persoonlike transformasiedrempel moet oorsteek en moet beweeg van ’n onafhanklike silo-benadering tot ’n interafhanklike en inklusiewe benadering.

Nóg ’n drywer is die benutting van kragtige kommunikasie om nuwe energie aan die stelsel te gee. “Die bestuurspan moet 10 skyfies ontwikkel wat almal kan gebruik om dieselfde boodskap aan die volgende vlak oor te dra. Só kan hulle saam met die lynbestuurders die res van die organisasie bereik.”

“Die bestuurspan moet ’n kapasiteit ontwikkel om bevoegdheid en toerekenbaarheid af te wentel sodat al die werknemers betrek word en ’n gemeenskaplike begrip van die hoëprestasie-onderneming se drywers ontwikkel. Só word ’n inklusiewe kultuur geskep wat energie gee en volhoubare mededingendheid versterk,” verduidelik Nel.

Die USB se *Leader’s Angle*-aanbiedings oor alle aspekte van leierskap word in samewerking met *Finweek* aangebied, en is ’n uitvloeisel van sy sterk klem op leierskapontwikkeling in sy MBA, bestuursontwikkelingsprogramme en navorsing oor leierskap.

Om die USB se gratis *Leader’s Angle*-aanbiedings by te woon, kontak Annemarie Olivier by usbcom@usb.ac.za. Besoek www.usb.ac.za.

Einde

Foto-onderskrif
By die USB se *Leader’s Angle*: prof Laetitia van Dyk, hoof van die USB se Sentrum vir Leierskapstudies, Nontobeko Mehlomakulu van Petro-SA, die spreker Christo Nel van The Village of Leadership Consultancy, en Nomfusi Jwaai van Petro-SA.

Uitgereik deur: Afdeling Bemarking en Kommunikasie
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Navrae:
Marietjie Wepener
Tel: 021-918-4224; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: mwep@usb.ac.za
Webwerf: www.usb.ac.za

Clayton Swart
Tel: 021-918-4388; faks: 021-918-4468 / 78
E-pos: claytons@usb.ac.za